


PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## Tweede Spesiale Begrotingswetsontwerp (2025-26-boekjaar) [B 20 – 2026]

### Voorleggings en openbare verhore

Die Gekose Komitee oor Begrotings nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike en/of mondelinge voorleggings oor die Tweede Spesiale Begrotingswetsontwerp (2025-26-boekjaar) [B 20 – 2026] in te dien. Die wetsontwerp is op 30 Julie 2026 deur die Minister van Finansies ter tafel gelê.  Die Wet op Geldwetsontwerpe en Verwante Aangeleenthede, No 9 van 2009 (soos gewysig deur Wet 13 van 2018), vereis dat die Parlement openbare verhore moet hou en verslag moet doen oo alle wetsontwerpe.

’n Openbare verhoor oor die Tweede Spesiale Begrotingswetsontwerp (2025-26-boekjaar) [B 20 – 2026] sal op Donderdag, 08 Oktober 2026 deur die Gekose Komitee oor Begrotings gehou word. Voorleggings en/of ’n aanduiding van u voorneme om ’n mondelinge aanbieding te doen moet teen nie later nie as Dinsdag, 06 Oktober om 16:00 ontvang word.

Voorleggings moet aan die komiteesekretarisse, mnr L Nodada (lnodada@parliament.gov.za of 083 412 1526) en me E Grunewald (egrunewald@parliament.gov.za of 071 363 2257) gerig word.mailto:
Lnodada@parliament.gov.zamailto:egrunewald@parliament.gov.za

Afskrifte van die wetsontwerp is beskikbaar by www.parliament.gov.za en www.treasury.gov-.za.http://www.parliament.gov.za/http://www.treasury.gov.za/

Uitgereik deur agb T I Legwase, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Begrotings (NRVP).

AFRIKAANS